Gestuurde Gemeentes
Ontdekking uit ons leesverslag

1 **Gestuurde Roeping**

Daar is 'n uitreiking maar fokus is meer na binne gerig. Ons glo dat 'n groot deel van ons kerngroepe ontvanklik is vir verandering.

2 **Gevorm deur die Bybel en dissipelskap**

Daar is nie 'n algemene vorming deur die Woord na dissipelskap nie. Gemeentelede soek leiding van leiers en dmv kursusse. Die gemeente moet in die algemeen meer volwassenheid bereik in hul denkwyse.

3 **Neem van risiko's as 'n kontras-gemeenskap**

As geloofsgemeenskap het ons al in die verlede 'n paar risiko's geneem en is ons bereid om verdere risiko's te neem. Daar was nog nie waterskeidingsrisiko's geneem wat karakterverandering teweeg gebring het nie.

4 **Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer**

"Omgee", "warm", "verwelkomend", "uitreike na buite", voedingskemas ens.

5 **Aanbidding as 'n openbare getuienis**

Samekomste by eredienste en omgeegroepe teken van interne aanbidding. Ons sien dit nie as openbare getuienis nie. Eredienste vloei nie altyd na praktiese uitreike nie. (NB: Nie baie duidelikheid oor vraag n.a.v. leesverslag nie.)

6 **Afhanklikheid van die Heilige Gees**

Deur gebed en diepe bewustheid en leiding afhanklik van die Gees. Voortdurende roeping en strewe om in die Gees te groei.

7 **Reisend na die heerskappy van God**

Gemeente kan in gemeenskap boodskap van vrede uitlewe. Doelwit wat ons na strewe bly dieselfde – om God te verheerlik – die verandering in tye het ook verandering in ons reis meegebring.

8 **Gestuurde Outoriteit**

Die gemeente het 'n navolging van die leiers. Gemeente ervaar die leiers as gestuurd en aanvaar die leiers se outoriteit.